



BEHOEFTEBEPALING VIR DIE DIE HELPHETTA-PROJEK

2020



INHOUD

LYS VAN FIGURE	2
1. Inleiding	3
2. Navorsingsmetode	3
3. Resultate.....	4
3.1 Demografie	4
3.1.1 Geografie	4
3.1.2 Tipe instansie	5
3.1.3 Ouderdom	5
3.1.4 Verblyf en ondersteuningsnetwerk van die meisies.....	6
3.2 Hetta-pakkies en ander opsigte	7
3.3 Elektroniese toestelle en sosiale media	7
3.4 Sosio-emosionele behoeftes en temas	8
3.5 Stokperdjies of gawes.....	9
4. Samevatting.....	10





LYS VAN FIGURE

Figuur 1. Provincies van die skole wat aan die projek deelneem	4
Figuur 2. Tipe instansies wat meisies met die projek ondersteun	5
Figuur 4. Tipe behuising van die meisies	6
Figuur 5. Die ondersteuningsnetwerk van die meisies	6
Figuur 6. Voorheen deur die projek gesteun	7
Figuur 7. Voorkeur vir 'n menstruasiekoppie	7
Figuur 8. Gebruik van elektroniese slimtoestelle	7
Figuur 9. Voorkeur vir sosiale media	7
Figuur 10. Sosio-emosionele behoeftes van die meisies	8
Figuur 11. Temas waaroer meisies meer ingelig wil word	8
Figuur 12. Persentasie stokperdjies of gawes van die meisies	9



1. Inleiding

Solidariteit Helpende Hand (voorts sal daar slegs na Helpende Hand verwys word) is 'n welsynsorganisasie geskoei op die beginsels van die Helpmekaar-beweging van 1949. Helpende Hand wil deur volhoubare ontwikkelingsprogramme en -projekte, opleiding, netwerkvorming en hulpbron-ontginding die selfontwikkeling van die mens in sy gemeenskap en die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel bevorder.

Een van hierdie projekte is die #HelpHetta-projek wat sanitêre ware en ander noodsaaklike higiëniese produkte na behoeftige meisies op 'n kwartaallikse basis versprei. Duisende skoolgaande meisies se lewens kom elke maand vir vyf dae tot stilstand omdat hul huishoudings nie sanitêre ware kan bekostig nie.

Navorsing het getoon dat:

- 52 skoldae deur meisies wat nie sanitêre ware kan bekostig nie, gemis word;
- 13% van meisies, in alle Suid-Afrikaanse skole, nie sanitêre ware kan bekostig nie; en
- 107 skole/instansies hulp van die #HelpHetta-projek versoek.

Na aanleiding van die bogenoemde, is die projek in 2015 deur Solidariteit Helpende Hand gestig en poog dit om meisies die vernedering te spaar, hul waardigheid te beskerm en te verseker dat hul elke dag skool, buitemuurse en sosiale aktiwiteite kan bywoon. Persoonlike higiëne is 'n platform vir die bemagtiging van meisies.

Hierdie verslag bied 'n opsomming en verwerking van data uit die navorsingsvraelys wat aan al die meisies gestuur is wat sanitêre ware van die HelpHetta-projek ontvang het.

2. Navorsingsmetode

Helpende Hand het 'n vraelys met 10 vrae opgestel wat aan die meisies gestuur is wat Hetta-pakkies ontvang, om anoniem beantwoord te word. Daar het 400 meisies aan die opname deelgeneem. Die doel van die verslag is om te bepaal wat die behoefte aan opleiding in verskillende kwessies, soos verwerping, groepsdruk, selfverdediging en mishandeling is, en om vas te stel of die meisies 'n behoefte aan geestelike en emosionele ondersteuning het. Die resultate sal deur die HelpHetta-projek as 'n strategie gebruik word om die projek volgens die begunstigdes se behoeftes uit te bou.





Die data is met behulp van beskrywende statistiese metodes geanaliseer en word hoofsaaklik deur persentasies in die vorm van grafieke uitgebeeld en beskryf.


3. Resultate

Die navorsingsresultate word aan die hand van die meisies se demografie, hulle behoefté aan temas en inligting oor sekere onderwerpe wat hulle raak en persoonlike kommunikasievoordele beskryf.

3.1 Demografie

Die demografie van die meisies wat aan die navorsing deelgeneem het, gaan aan die hand van hul geografiese ligging, die tipe instansie waar hulle betrokke is en hulle ouderdom verduidelik word.

3.1.1 Geografie




Figuur 1. Provincies van die skole wat aan die projek deelneem

Die grootste aantal meisies van die verskillende skole wat aan die opname deelgeneem het, woon in Gauteng (27%), die Noordwes (24%), Mpumalanga (13%) en in die Wes-Kaap (12%).






3.1.2 Tipe instansie



Figuur 2. Tipe instansies wat meisies met die projek ondersteun

Die meerderheid van die meisies wat HelpHetta-pakkies ontvang, is in die laerskool (38%).

3.1.3 Ouderdom



Figuur 3. Grade/ouderdom van die meisies


Die twee grade waarin die meeste van die meisies is wat deur die projek ondersteun word, is graad 6 en 7. Dit beteken dat meer as 'n derde van die meisies 12 tot 13 jaar oud is. Die tweede grootste groep meisies wat Hetta-pakkies ontvang, is 15 tot 17 jaar oud (39%). 'n Klein aantal van die meisies






(4%) ontvang dié jaar hulle laaste pakkies, omdat hulle die skool aan die einde van die 2020 verlaat. Hulle sal dan nie meer deur die projek ondersteun word nie. 2% van die meisies wat Hetta-pakkies ontvang is so jong as 10 jaar oud.

3.1.4 Verblyf en ondersteuningsnetwerk van die meisies



Figuur 4. Tipe behuising van die meisies




Figuur 5. Die ondersteuningsnetwerk van die meisies


Die meeste van die meisies woon tans in 'n huis (63%) en 11% van die meisies woon op 'n plot. Byna 10% van die meisies woon in 'n kinderhuis, 'n informele nedersetting (5%) of koshuis (4%). Ongeveer die helfte van die meisies het aangedui dat beide hulle ouers hulle ondersteuningsnetwerk is, verder dat hulle op hul maats (41%), onderwysers (38%) of familielede (29%) steun. Ongeveer 'n vyfde van die meisies (21%) word deur 'n enkelma ondersteun en 16% het aangedui dat hulle op 'n maatskaplike werker steun.



3.2 Hetta-pakkies en ander opsies




Figuur 6. Voorheen deur die projek gesteun




Figuur 7. Voorkeur vir 'n menstruasiekoppie

Dit meerderheid van die meisies (58%) het voorheen al Hetta-pakkies ontvang en 42% van hierdie meisies het hierdie jaar hulle eerste pakkies vanaf die HelpHetta-projek ontvang. Ons wil voorstel dat ons vir meisies wat na matriek die skool verlaat, 'n menstruasiekoppie gee wat hergebruik kan word. Byna 20% van die meisies is ten gunste van die voorstel. Dit is ongeveer 80 meisies van hierdie groep wat ten gunste van 'n menstruasiekoppie is.

3.3 Elektroniese toestelle en sosiale media



Figuur 8. Gebruik van elektroniese slimtoestelle




Figuur 9. Voorkeur vir sosiale media



Die meerderheid van die meisies (72%) het 'n selffoon en ongeveer 30% van die meisies het toegang tot 'n rekenaar, tablet of skootrekenaar. Die meeste meisies (84%) gebruik WhatsApp om sosiaal te kommunikeer en 38% van die meisies het 'n Facebook-blad. Ongeveer 30% van die meisies het aangedui dat hulle op WhatsApp as 'n sosiale medium deur die projek ondersteun wil word.

3.4 Sosio-emosionele behoeftes en temas



Figuur 10. Sosio-emosionele behoeftes van die meisies




Figuur 11. Temas waaroer meisies meer ingelig wil word

Sou die HelpHetta-projek 'n strategie wil opstel om die meisies wat Hetta-pakkies ontvang se sosio-emosionele behoeftes te hanteer, is die verkose wyses motiveringspraatjies (53%), selfverdedigingsklasse (43%) en bemoedigende dagstukkies (35%). Die toepaslike temas waarvan meisies meer inligting verlang is onder andere: selfbeeld en -waarde (55%), verhoudings (38%), geestelike ontwikkeling (35%) en ware lewensverhale van ander vrouens wat hulle kan inspireer (32%).





3.5 Stokperdjies of gawes



Figuur 12. Persentasie stokperdjies of gawes van die meisies

Die stokperdjie of gawe wat dié meisies die meeste aangedui het, is om te sing (19%). 17% van die meisies het geen stokperdjie of gawe aangedui nie. Verdere stokperdjies of gawes van die meisies is afsonderlik: kuns (15%), om te dans (14%) en beide lees en netbal (13%). Verskeie sportsoorte is 'n groot belangstellingsveld van die meeste meisies.





4. Samevatting

Hierdie verslag bied 'n opsomming en verwerking van data uit die navorsingsvraelys wat aan al die meisies gestuur is wat deur die HelpHetta-projek gehelp is.

Die samevatting van die resultate word in die volgende kolpunte uitgedruk:

Die demografie van die meisies:

- Die grootste aantal meisies woon in Gauteng (27%) en Noordwes (24%). Die tweede grootste groep meisies woon in die Mpumalanga (13%) en in die Wes-Kaap (12%).
- Die meerderheid van die meisies wat HelpHetta-pakkies ontvang, is in die laerskool (38%). Hulle is 12 tot 13 jaar oud. Die tweede grootste groep meisies wat Hetta-pakkies ontvang, is 15 tot 17 jaar oud (39%). 'n Klein aantal van die meisies (4%) is vanjaar in matriek en ontvang dus hul laaste pakkies omdat hulle die skool verlaat. 2% van die meisies wat Hetta-pakkies ontvang, is so jonk as 10 jaar oud.
- Die meeste van die meisies woon tans in 'n huis (63%). Ons moet kennis daarvan neem dat byna 10% van die meisies in 'n kinderhuis, 'n informele nedersetting (5%) of koshuis (4%) woon en 5% deur 'n enkelpa grootgemaak word.
- Ongeveer die helfte van die meisies het aangedui dat beide hulle ouers hulle ondersteuningsnetwerk is, verder dat hulle op hul maats (41%), onderwysers (38%) of familielede (29%) steun. Ongeveer 'n vyfde van die meisies (21%) word deur 'n enkelma ondersteun en 16% het aangedui dat hulle op 'n maatskaplike werker steun.

Betrokkenheid en belangstelling in ander opsies:

- Die meerderheid van die meisies (58%) het voorheen al Hetta-pakkies ontvang en 42% word vir die eerste keer gehelp.
- Ons wil voorstel dat ons vir meisies wat na matriek die skool verlaat 'n menstruasiekoppie gee wat hergebruik kan word omdat hulle nie later meer deur die projek ondersteun word nie. Byna 20% – ongeveer 80 meisies – is ten gunste van dié voorstel.





Elektroniese toestelle en sosiale media:

- Die meerderheid van die meisies (72%) het 'n selffoon en ongeveer 30% van die meisies het toegang tot 'n rekenaar, tablet of skootrekenaar. Die meeste meisies (84%) gebruik WhatsApp om sosiaal te kommunikeer en 30% van die meisies het aangedui dat hulle op 'n WhatsApp-groep deur die projek ondersteun wil word.

Sosio-emosionele behoeftes en temas:

- Sou die HelpHetta-projek 'n strategie wil opstel om die meisies wat Hetta-pakkies ontvang se sosio-emosionele behoeftes te hanteer, is die verkose wyses motiveringspraatjes en bemoedigende dagstukkies (88%) en selfverdedigingsklasse (43%). (Die Optimus Study SA het in 2018 bevind dat ongeveer 34% van meisies seksueel mishandel word.)
- Die toepaslike temas waarvan meisies meer inligting verlang is onder andere: selfbeeld en -waarde (55%), verhoudings (38%), geestelike ontwikkeling (35%) en ware lewensverhale van ander vrouens wat hulle kan inspireer (32%).

Stokperdjies of gawes:

- Die stokperdjie of gawe wat dié meisies die meeste aangedui het, is om te sing (19%). 17% van die meisies het geen stokperdjie of gawe aangedui nie. Verdere stokperdjies of gawes van die meisies is afsonderlik: kuns (15%), om te dans (14%) en beide lees en netbal (13%). Verskeie sportsoorte is 'n groot belangstellingsveld van die meeste meisies.

Hierdie navorsing is geskoei op vorige navorsing wat deur die HelpHetta-projek in 2018 en 2019, asook deur die verskeie ander instansies in Suid-Afrika, onderneem is. Dit is belangrik om kennis te dra van die volgende bykomende inligting en statistieke waarby hierdie navorsingsresultate aansluit of komplimenteer.

- 19% van meisies in Suid-Afrika is deur die Covid-inperking¹ geraak. Gratis toegang tot sanitêre ware by die skool was onmoontlik totdat die skole weer na 'n paar maande heropen is.





- Alhoewel die staat R157 miljoen beskikbaar gestel het om gratis sanitêre doekies aan kwintiel 1-3 skole te verskaf², ontvang 93% van die 107 deelnemende skole slegs by HelpHetta sanitêre pakkies.
- Daar is 1 432 meisies wat by die HelpHetta-projek aansoek gedoen het vir wie daar nie befondsing en ondersteuning is nie en wat steeds 52 skooldae misloop.
- Uit HelpHetta se 2018-navorsing³ het 73% van die meisies tussen die ouderdom van 11 en 13 jaar begin menstrueer. 8% van die meisies het reeds voor 10 jaar oud begin menstrueer – wat hul blootstel aan die risiko om swanger te word.
- Volgens Statista⁴ was ongeveer 5% van meisies tussen 14 en 19 jaar in 2019 swanger in Suid-Afrika. Tydens 2019 was daar 124 628 tienerswangerskappe in Suid-Afrika, waarvan 3 529 (3%) nog op laerskool (10 tot 13 jaar) is. Laasgenoemde is 'n wetlike oortreding.

Die resultate van hierdie verslag kan uiters doeltreffend deur die HelpHetta-projek aangewend word om 'n strategie op te stel en die projek volgens dié begunstigdes se behoeftes uit te bou.

-
1. Deb Roy, L. Outlook Magazine. Menstrual Health Of Girls At Risk As Closed Schools Mean No Free Sanitary Napkins. From: <https://www.outlookindia.com/website/story/india-news-menstrual-health-of-girls-at-risk-as-closed-schools-mean-no-free-sanitary-napkins/353411>. Toegang verkry op 4 Desember 2020.
 2. SANews. 28 May 2019. Promoting sanitary dignity. From: <https://www.sanews.gov.za/africa-south-africa-world/promoting-sanitary-dignity>. Toegang verkry op 5 Desember 2020.
 3. Solidariteit Helpende Hand. From https://helpendehand.co.za/wp-content/uploads/2018/08/Vorderingsverslag_HelpHetta_Finaal-002.pdf. Toegang verkry op 29 Maart 2021.
 4. Statista. 25 February 2021. Share of teenage pregnancies in South Africa 2018-2019, by age. From: <https://www.statista.com/statistics/1115755/share-of-teenage-pregnancies-in-south-africa-by-age/>. Toegang verkry op 29 Maart 2021.
-

